

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 25

2 Augustus 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE

Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Lizmarie en Wickus Jansen in onderskeidelik grade 5V + 2R en hul familie met die heengaan van hul oupa gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

KULTUURAAND: WOENSDAG, 31 JULIE

Ek was weer Woensdagaand baie trots om deel van Laerskool Newtonpark te wees. Ons kore en die leerlinge wat opgetree het, was eenvoudig puik. Elke ouer kan trots voel op hul kinders wat met soveel talente geseën is. Baie geluk aan Mev. Coetzee en haar span wat 'n baie suksesvolle kultuuraand gereël het.

KULTUURAAND SAAM MET NATASHA JOUBERT: FOTO'S

Graag wil ons u herinner dat die sluitingsdatum vir bestellings van Kultuuraand-foto's (kooroptrede saam met Natasha Joubert) Maandag, 5 Augustus is en die bestelvorm saam met die kontant by Mev. Laas ingehandig kan word.

"TROLLEY DASH" WENNERS

Baie geluk aan al die wenners en aan almal se bydrae met vanjaar se "Trolley Dash". Ons herinner al die wenners daaraan om Saterdag, 3 Augustus om 7:25 by Newtonpark Super Spar aan te meld.

1ste plek : Fatima Ismail (2-minute hardloop deur Newtonpark Super Spar)
2de plek : Antonie Wolmarans (1-minuut hardloop deur Newtonpark Super Spar)
3de plek : Adri de Wit (R250 geskenkpak)
4de plek : Michelle-Lee Sam (R250 geskenkpak)
5de plek : Zani Patterson (R250 geskenkpak)
6de plek : Hendrik van der Mescht (R250 geskenkpak)

Die leerling wat die meeste boekies verkoop het is....Zané Nysschens. Sy wen 'n 30-sekonde hardloop deur die lekkergoedgang.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Vanaand "slaan" ons weer af met ons ouer-en-kind-tennisaand wat elke eerste Vrydag van die maand, om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was sover elke kwartaal baie goed ondersteun en ons sien uit daarna om hierdie kwartaal weer 'n hele rits paartjies op die "baan" te verwelkom.

MTR-SMIT KINDERHUIS SKENKINGS
Dit is ons voorreg om weer eens ons opregte dank te betuig aan elke ouer en selfs besighede wat hulle harte en hande so ruim oopgemaak het om iets vir die MTR-Smit kinderhuis te skenk. U kan verseker weet dit maak 'n enorme verskil in hierdie tyd van nood. Ons het met Me. Tanya Eales van MTR-Smit kinderhuis bevestig dat die oorhandiging Maandag, 5 Augustus hier by die skool tydens die saalbyeenkoms sal plaasvind.

BASAAR: VRYDAG 30 AUGUSTUS 2019
Vrydag, 30 Augustus hou ons weer heerlik basaar by Newtonpark. Dit beloof om 'n opwindende dag propvol pret en plesier te wees. Elke graad beman 'n stalletjie en ons doen beroep op u om die huiswerkboeke dop te hou vir 'n skrywe in die verband. Daar sal u kan aandui hoe u van hulp kan wees om van die dag 'n groot sukses te maak. By voorbaat dankie vir u ondersteuning. Daar sal ook tydens die basaar weer geleentheid wees om bloed te skenk.

GROEPFOTO'S (SPORT EN KULTUUR) : DONDERDAG 29 AUGUSTUS 2019
Ons wil u versoek om mee te help dat u kind sy/haar volledige sportuitrusting/provinsiale uitrusting, ens., op bogenoemde datum by die skool sal hê.

Die onderwyser/afrigter sal die korrekte kleredrag aan die betrokke leerlinge vooraf skriftelik deurgee. Slegs leerlinge wie korrek geklee is, sal afgeneem word.

Ons sal ongelukkig ook nie leerlinge op dié dag vanuit die Klerewinkel kan help nie en leerlinge sal ook nie tyd hê om by maats klere te leen nie! Ons vertrou u sal meehelp om teleurstelling vir u kind te voorkom.

U moet nie geld stuur nie. U betaal later slegs op bestelling.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

AFKNOUERY
Ons is bekommerd oor 'n al groter en toenemende mate van afknouery wat tydens skoolure, tydens pouses en buite klassituasies tussen leerders (seuns en meisies) plaasvind.

Ons het waargeneem dat LEERDERS MEKAAR VERAL fisies of verbaal afknou. Wat ook al die oorsake mag wees, dit bly 'n onaanvaarbare vorm van gedrag en ons wil nie daaroor swyg of daarvan wegvlug nie.

Daarom wil ons graag die probleem aanspreek. Ons wil leerders wat ander teiken, sowel as die lydende partye, probeer help. Daar is verskillende maniere hoe dit gedoen kan word.

Om afkouery uit te roei, het ons die volgende onmiddellike stappe in gedagte:
- Gesels met u kind oor insidente wat plaasvind.
- Onthou: 'n storie het altyd twee kante.
- Kry die ander leerder wat in die insident betrokke is, se naam.

- Indien ‘n insident herhaal word, rapporteer dit aan die klasopvoeder (minder ernstig) of skoolhoof (meer ernstig), verkieslik op skrif.
- Indien die insident weer voorkom en elke keer daarna, kontak die skoolhoof direk. Die skoolhoof sal dan moontlike wyses van hantering met u bespreek.
- Insidente wat binne 24 uur aangemeld word, sal onmiddellike aandag geniet.

Afknouery kan en mag nooit deel van Newtonpark-leerlinge se opvoeding word nie. Baie dankie dat u as ouers vir ons gaan help om van hierdie probleem ontslae te raak.

TOELATING 2020: GRAAD 2 – 7

Op Dinsdag, 9 Julie 2019 is daar ‘n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R700 reserveringsfooi (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2019, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2020. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2019

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Jy kan wonderwerke bewerk deur in ander te glo. Om die beste uit mense te kry, moet jy kies om die beste van hulle te dink en te glo.
Bob Moawad

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 5 Augustus : Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
GEEN KUNS
Netbal: 0/13A+B teen Moregrove **14:30 (t)**
Netbal: 0/12A+B teen Moregrove **14:30 (w)**

Di – 6 Augustus : **GEEN KUNS**
Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15**
Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**
Tennis: Sunridge A teen LNP snr. A (w)
Tennis: Curro A teen LNP snr. B (t)
Tennis: LNP jnr. B teen jnr. A (t)
Skaak: Wedstryd teen Dietrich Primêr : **14:15 (t)**
Finansiële komiteevergadering : **16:30**
Kunsfees Gala-aand by Hoërskool Pearson, Summerstrand

Wo – 7 Augustus : Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
Rugby: 0/13A teen Mount Pleasant **15:15 (w)**
Rugby: 0/11A teen Rowallanpark **14:30 (w)**
Rugby: 0/9A teen Setlaarspark **14:30 (t)**

Do – 8 Augustus : Netbal: 0/10A+B teen Moregrove **14:30 (w)**
Netbal: 0/11A+B teen Moregrove **14:30 (t)**
Netbal: 0/9A+B teen Moregrove **14:30 (t)**
Dance Kids-ballet graad R: **13:15**

Vr – 9 Augustus : VROUEDAG

SPORT & KULTUUR

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
29 Julie	0/13B	Môrewag	LNP verloor 4 – 9
29 Julie	0/12A	Môrewag	LNP wen 7 – 0
1 Augustus	0/9A	Môrewag	LNP wen 8 – 1 Speelsters van die wedstryd: Anri Gouws, Kemica Harth en Isabel Kühn
1 Augustus	0/11A	Môrewag	LNP wen 7 – 0

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
31 Julie	0/11A	Kabegapark	LNP verloor 5 – 10
31 Julie	0/13A	Walmer Wes	LNP wen 27 – 0
1 Augustus	0/9A	Summerwood	LNP verloor 30 – 19

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
30 Julie	Senior A	Charlo A	LNP verloor met 4 potte
30 Julie	Senior B	Hebert Hurd	LNP wen met 11 potte
30 Julie	Junior A	Clarendon	LNP wen met 12 potte

“WOW” SPELFEES: VRYDAG 26 JULIE
Op Vrydag, 26 Julie het 10 van ons leerlinge aan bogenoemde disktriksuitdunne by Gelvandale Sekondêr deelgeneem.
Die Oos-Kaap Provinsiale uitdunne vind op 24 Augustus by Laerskool Sunridge plaas. Sterkte aan die volgende leerlinge wat gaan deelneem:

- Pippa Nel – Graad 4
- Mikayla van den Berg – Graad 4
- Jamie-Lee Bester – Graad 5
- Tiaan Riekert – Graad 5

NELSON MANDELA BAY HALF MARATHON CHAMPIONSHIPS
Die Nathan Norris in graad 2C en Britney Norris in gaad 1L het Saterdag, 27 Julie 2019 aan die NMB Half Marathon Championships 5km Fun Run deelgeneem en medaljes vir hul deelname ontvang. Baie geluk!

SA KAMPIOENSKAPPE : UITVOERENDE KUNSTE
Mé-Jean du Preez in graad 5V het in Rustenburg aan die SA Championships for Performing Arts deelgeneem, en daar haar provinsiale klere ontvang. Daarna het sy die SA span verteenwoordig by die World Championships of Performing Arts in Los Angeles. Sy het ‘n 2de plek in die wêreld verower vir Spokes model en ‘n 3de plek vir toneelspel. Sy het dus ook haar SA kleure ontvang. Baie geluk met hierdie uitmuntende prestasie!